# AFDELING I
# FOTOGRAFIE

Let asseblief daarop dat die sluitingsdatum vir inskrywings 22 Junie 2011 is. Foto's kan tot 28 Julie 2011 ingedien word (met dien verstande dat dit reeds voor 22 Junie 2011 ingeskryf was). Alle foto's word gesamentlik vir beoordeling ingedien en geen laat inskrywings kan dus aanvaar word nie.


| Inskrywingsfooi |
| --- |
| R30.00 / foto |

**FOTOGRAFIE AFDELINGS:**

- Laerskool
- Hoërskool
- Oop

**ALGEMENE REËLINGS**

- `n Deelnemer mag slegs een foto per kategorie inskryf.
- Foto's word per e-pos na die organiseerders gestuur om ons voor 28 Julie 2011 te bereik by wak@cmrw.co.za
- Foto mag nie groter as 1MB wees nie en word as volg ingestuur:




- `n Duidelike kode moet vir elke inskrywing gegee word, wat as volg saamgestel word:
    - Voorletters van fotograaf: bv. ***JK***
    - Afdeling en kategorie waarin die foto ingeskryf word: bv. ***I.2***
    - Titel van die foto: bv. ***Moedeloos***

    ***Dus: JK / I.2 / Moedeloos***

Hierdie kode word op die inskrywingsvorm aangedui en word ook in die "Subject" van die e-pos as identifisering van u inskrywing aangedui.

**BEOORDELING**

In die kategorieë ***Natuur, "Pictorial"*** *en* ***Sport*** sal Laerskool en Hoërskool leerlinge se beoordeling op hulle vlak hanteer word en inskrywings in die oop afdeling sal op die standaard vir professionele fotograwe beoordeel word.

Die kategorieë ***Nag***, en ***Foto joernalistiek*** word slegs op standaarde vir professionele fotograwe beoordeel.

**KATEGORIEË**

**I.1** Natuur
**I.2** “Pictorial”
**I.3** Sport
**I.4** Nag
**I.5** Foto joernalistiek
**I.6** Tema

**I.1 Natuur**
Foto’s van diere, natuurtonele, plante ens. In hierdie kategorie word slegs geringe digitale manipulasie toegelaat. Geen menslike elemente mag in die foto wees nie, d.w.s. geen telefoonlyne, kragdrade, heinings ens. Foto’s van troeteldiere word nie as natuur fotografie gereken nie. Geen “clone”, “monochrome” of sepia nie.

**I.2 “Pictorial”**
In hierdie kategorie kan enige foto ingeskryf word wat nie in een van die ander kategorieë ingeskryf kon word nie. Digitale manipulasie word toegelaat.

**I.3 Sport**
Foto’s waar die beoefening van sport die tema is, slegs `n klein mate van digitale manipulasie word toegelaat. Geen “clone”, “monochrome” of sepia nie.

**I.4 Nag**
Enige foto wat gedurende die nag geneem word bv. “night scapes”. Slegs natuurlike lig mag gebruik word.

**I.5 Foto joernalistiek**
Hierdie afdeling maak voorsiening vir “Koerantfoto’s”. `n Foto wat `n gebeurtenis, emosie of aktiwiteit uitbeeld. Foto’s met `n narratiewe aanslag (vertel `n storie).

**I.6 Tema**
`n Foto word geneem met `n voorgeskrewe tema in gedagte (die tema wat gekies word is dus nie titel van die foto in die kategorie).

- Herfs
- Die kleur van liefde
- “O gaats”
- Te oulik!
- In stilte vind ek vrede